INFORMELE ASSESSERING
COVID-19
Werkkaart

Naam: ..... Graad: ..... Datum: .....

A. Lees die nuusberig en beantwoord die vrae.

Goeie Nuus	
Hond wag getrou by hospitaal vir eienaar 23 Januarie 2021 'n Hond het ses dae lank voor 'n hospitaal in Kaapstad vir haar eienaar gewag totdat hy ontslaan is. Mnr. Moody is op 14 Januarie per ambulans na Groter Schuur Hospitaal vervoer. Sy hond, Wagter, het die ambulans agternagesit en hy het dae lank buite die hospitaal gewag totdat sy eienaar ontslaan is. . Familie van Mnr. Moody het Wagter kom haal en huis toe geneem maar hy kon daarin slaag om te ontsnap en het weer voor die hospitaal gaan wag.	Wagter het vinnig in hospitaalpersoneel se harte ingekruip en hulle het hom daagliks kos gegee en versorg. Wagter en Mnr. Moody is herenig nadat hy ontslaan is. Aangepas van Maroela Media https://maroelamedia.co.za/vreemdhede/video-hond-wag-getrou-by-hospitaal-vir-eienaar/

1. Aan wie behoort die hond?

_____

2. Wat is die hond se naam?

_____

3. Vir wat het Wagter agtervolg?

4. Wanneer is Mnr. Moody na Groter Schuur Hospitaal geneem?

5. Waar is Groter Schuur Hospitaal?

6. Hoe lank was Mnr. Moody in die hospitaal?

7. Wie dink jy was die blyste toe Wagter en Mnr. Moody herenig het? Wagter of Mnr. Moody? Motiveer jou antwoord.

8. Hoekom dink jy het die hond voor die hospitaal gewag vir sy eienaar?

9. Dink jy die hospitaalpersoneel is gawe mense? Gee rede vir jou antwoord.

10. Het jy ’n troeteldier wat so getrou is? Of het jy gehoor van ’n troeteldier? Vertel in twee sinne van die troeteldier.

B. Skryf nou ’n paragraaf uit die oogpunt van die hond.
- Dink hoe het die hond gevoel.
- Gebruik byvoeglike naamwoorde (beskrywende woorde) om die hond se gevoel te beskryf
- Paragraaf tussen 50 en 60 woorde.

Paragraaf:

Kleur in: